

# Laerskool Eikestad Waardes

Omgee

Respek

Integriteit

Eerlikheid

Verantwoordelikheid



# LAERSKOO EIKESTAD

## Inhoud

1. Missie
2. Verwelkoming
3. Algemene inligting
4. Finansies
5. Orde-kode vir leerders van Eikestad Graad R
6. Klasorganisasie
7. Orde-kode van Ouers van Eikestad Graad R

Skool se adres:	Doornboschstraat STELLENBOSCH 7600
Telefoonnommer:	021 887 4610 021 887 4612 021 887 4619
Faksnommer:	021 886 6995
E-pos adres:	eikestad@eike.co.za

# Orde-kode vir Ouers van Eikestad Graad R

1. Deur die handhawing van die onderwysers se gesag en die onderskraging van die kind se vertroue in die onderwyser, ondersteun die ouers die opvoedingsgebeure.
2. Ouers en onderwysers moet as vennote saamwerk om verwarring by die kind te oorkom in die strewe na eenvormige opvoeding. Wedersydse en volgehoue kommunikasie speel 'n sleutelrol. Dit word egter beklemtoon dat die ouers steeds ten alle tye die primêre opvoeders van die kinders is.
3. Ter wille van die skepping van 'n goeie opvoedingsklimaat word ouers versoek om onderstaande te respekteer:
  - Alle besoeke aan 'n klaskamer of onderwyser gedurende skooltyd, moet deur die kantoor gereël word.
  - Bespreking van kinders met onderwysers moet nie in kinders se teenwoordigheid plaasvind nie.
  - Besprekings van onderwysers in die teenwoordigheid van kinders ondermyn nie net die gesag van onderwysers nie, maar is ook uiters afbrekend vir die onderwysgebeure.
  - Positiewe gesindheid teenoor die skool en sy personeel dra by tot die positiewe gesindheid van die kind.

## 9. Ouer, kind verhouding en ondersteuning

Ouers moet asseblief nie huiwer om leiding te vra nie. Onderwyseresse het almal uitstekende opleiding en genoeg ervaring om te kan help. Die skool sal, as dit nodig blyk, ouers kontak i.v.m probleemareas.

## 10. Speelgoed

Leerders mag storieboeke, ens. wat betrekking het op temas saambring vir voorlesing. Hulle word egter nie toegelaat om eie speelgoed, plakkers ensovoorts saam te bring nie. Dit veroorsaak onenigheid onder mekaar, raak weg of breek.

## 11. Afval en Rommel

Papier is altyd bruikbaar. Rekenaarpapier, rolle papier en A4 papier word altyd gebruik. Laat weet asseblief indien u bruikbare afval kan kry, bv tou, knope, materiaal, wol, sagte hout ens. Stuur asb ook tydskrifte en ou koerante.

## 12. Temas

U sal kwartaaliks 'n lys ontvang van temas wat bespreek gaan word. Ons sal dit waardeer indien u, u kind by die huis kan motiveer aangesien dit stimulerend inwerk op die leersituasie.

## 13. Saalbywoning

Die laaste paar weke van die leerder se Graad R jaar, woon hulle Vrydagoggende die saalverrigtinge by. Bogenoemde is slegs om die skoolbywoning vir die volgende jaar te vergemaklik.

## 14. Verjaarsdae

Ouers is welkom om verversings aan die klasmaats te voorsien. Reël asb. met die onderwysers om oorvleueling te voorkom.

## 15. Webblad/Kommunikeerder

Ouers kan hier gaan loer vir enige nuwe inligting rakende die skool.. ([www.eike.co.za](http://www.eike.co.za))

# Eikestad Graad R

## Missie

### **Eikestad Graad R streef om die kind:**

- lief te hê en te versorg
- voor te berei vir formele onderrig
- se waardesisteem uit te brei en te vestig
- voor te stel aan 'n wêreld van spel en uitdagings
- as 'n individu te behandel en elkeen se potensiaal ten volle te ontwikkel
- te leer om God lief te hê en die Skepping te waardeer.

# Verwelkoming

Dit is vir ons aangenaam om u as ouer(s) by ons skool te verwelkom. Ons vertrou dat u sowel as u kind aktief sal deelneem aan die aktiwiteite en geleenthede wat die skool bied en dat dit 'n genotvolle jaar saam met ons sal wees. Met die oog op die missie en die bereiking van ons doelwitte, het ons u volle ondersteuning nodig. Ons sal u op hoogte hou van alle aktiwiteite en u is enige tyd welkom om ons te besoek en/of enige probleme aangaande u kind met ons te bespreek. Ons is beskikbaar om u te help en dit 'n spesiale tyd in u kind se lewe te maak.

### **Eikestad Graad R bied die volgende:**

1. Afrikaans as voertaal
2. Uitmuntende standaarde
3. 'n Wye verskeidenheid bedrywighede: Mini-krieket, Tennis en Vaardigheidsontwikkeling (Somer), Netbal, Rugby (Winter) en privaat aksies.
4. Klem op kreatiewe denke en probleemoplossingsvaardighede
5. Uitstekende rekenaarsentrum
6. 'n Totaliteitsbenadering word gevolg en spesifieke verwysing na Geestelike norme en waardes, sosiale vaardighede, emosionele ontwikkeling, fisiese ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling en taalontwikkeling.

# Klasorganisasie

## 4. Skoolbywoning

Kinders wat siekerig is of aan 'n aansteeklike toestand ly, moet liefes tuis versorg word totdat hulle gesond is. Indien die kind vir 'n dag of langer afwesig is, moet u asseblief vir ons so spoedig moontlik in kennis stel.

## 5. Uitstappies

Twee uitstappies word per jaar gereël. Dit hou verband met die werk wat gedoen word en is dus verrykend en baie opwindend. Ons reël ook deurlopend instappies wat ons temas aanraak.

## 6. Kleredrag

Trek ou klere aan skool toe. Let asseblief daarop dat die naam van u kind op alle kledingstukke aangebring moet word. Kosblikkies, waterbottels ens moet ook duidelik gemerk wees. Elke leerder moet asb. 'n ekstra stel klere saam stuur skool toe en in sy / haar tassie hou vir die wis en onwis.

## 7. Verversings

U word versoek om toe te sien dat u kind se kospakkies nie oorlaai word met lekkernye wat hulle nie kan behartig nie. Droëvrugte, vars vrugte, vrugtesap (vermy gaskoeldranke), bruin of volgraanbrood bly gesonde hongerstillers. Bogenoemde geld nie vir verjaarsdae nie. Vrydae is egter 'n "soet" dag. Stuur gerus 'n ekstra bottel water, veral in die somertye.

## 8. Vorderingsverslag

Deurlopende assessering word gedoen. Vorderingsverslae word gedurende die eerste, tweede en vierde kwartaal uitgegee. Junie vind Ouergesprekke plaas.

## 1. Benodigdhede:

- Buisie sonbrandroom
- Hoed en boks sneesdoekies
- Bekertjie met 'n handvatsetel
- 3 A4 Plasiek koeverte
- Ekstra stel klere
- Alle artikels van u kind moet asb gemerk wees

## 2. Jaarprogram

- **Ouerbraai**  
'n Ouerbraai vir al die ouers, personeel en leerders van Laerskool Eikestad word aan die begin van die eerste kwartaal gehou.
- **Valentynsdag**  
Leerders geniet 'n lekker dag saam in hul onderskeie klaskamers.
- **Graad R Ouerpiekniek**  
Ouers en leerders leer ken mekaar op 'n gesellige wyse.
- **Konsert**  
Ons bied jaarliks 'n konsert aan. Al die Graad R leerders kry die geleentheid om hieraan deel te neem.
- **Ontmoetingsgeselligheid**  
Graad R leerders ontmoet hulle Graad 1 juffrou.
- **Sertifikaatoorhandiging**  
Voltooing van Graad R jaar.

### 3. Omsend/Nuusbriewe

Ons is van voorneme om gedurende die jaar, soos wat daar behoeftes opduik, met u in aanraking te kom deur middel van 'n omsendbrief, epos of deur ons skoolkommunikeerder. Aangesien ons graag u samewerking en ondersteuning verlang, vertrou ons dat u op hierdie skrywes sal reageer.

## Algemene Inligting

### Aankoms

Ouers mag vanaf 07:30 die leerders by die skool aflaai. Om die leerlinge se veiligheid te verseker moet die ouers die kind tot by die klaskamer vergesel. Indien saamryklubs gereël word, moet die leerlinge nog steeds deur 'n volwassene na en van die klaskamer vergesel word.

Neem asseblief kennis: Geen kind mag in die sorg van die skool gelaat word indien sy of haar naam nie op die toelatingsregister verskyn nie.

### Afhaal van leerders om 13:00 vanaf Maandae tot Vrydae

Die veiligheid van ons kinders is vir ons eerste prioriteit. Die leerlinge moet by die klaskamer afgehaal word. Skakel die skool indien u nie betyds kan wees nie of wanneer iemand anders gestuur word. Leerders moet asseblief stiptelik om 13:00 afgehaal word. Onderwyseresse het verpligtinge t.o.v. skool- en sportaktiwiteite asook vergaderings na skoolure en kan dus nie die verantwoordelikheid vir leerders wat op die terrein is aanvaar nie.

Ouers is self verantwoordelik vir die organisasie van saamryklubs. Elke klasonderwyseres moet voorsien word van 'n saamryrooster om enige verwarring of onsekerheid te voorkom.

'Tags' vir die hekke is beskikbaar by die sekretaresse.

### Beskikbaarheid van onderwyseresse

Onderwyseresse is tussen 07:30-07:45 beskikbaar indien u sake het om met hulle te bespreek.

Ouers moet vooraf lief 'n afspraak maak om 'n leerder te bespreek. Slegs in die geval van

dringende aangeleenthede mag u die betrokke onderwyseres persoonlik gedurende skoolure kontak. Verlof hiervoor moet van die kantoor verkry word.

### Allergieë

Indien u kind 'n allergie vir 'n sekere kossoort het bv. neute, moet u so gou moontlik die klasonderwyser in kennis stel.

## Finansies

### Verpligte skoolfonds

Daar is drie maniere van betaling:

- Fooie eenmalig betaalbaar
- Fooie betaalbaar in 10 maandelikse premies (Feb-Nov) per debietorder
- Fooie betaalbaar in 10 maandelikse premies (Feb-Nov) per elektroniese oorbetaling

Leerlinge wat toegelaat word, sal skriftelik in kennis gestel word van die bedrag betaalbaar.

### Ander gelde

Enige ander gelde moet met die korrekte bedrag in 'n koevert geplaas word met die volgende inligting daarop:

- Leerling se naam
- Waarvoor, bv. Foto's
- Bedrag

Adresveranderings (ook telefoonnummers) moet asseblief aangemeld word.

# Orde-kode vir leerders van Eikestad Graad R

## Skoolreëls moet universele waardes by die kind vestig:

- Behandel onderwysers met agting en respek (menswaardigheid)
- Tree met groot hoflikheid teenoor besoekers op (menswaarigheid)
- Eerlikheid moet vir elke leerder 'n saak van eer wees (eerlikheid)
- Ek moet altyd binne die klas so optree dat ek nie 'n ander leerder die reg om te leer ontsê nie (regverdigheid)
- My maats se geluk is vir my belangrik. Ek sal altyd daarna streefom hulle te ondersteun. Ek sal daarna streef om nooit aan 'n maat te doen wat ek nie aan myself gedoen wil hê nie (ondersteuning/dienslewering)
- Respekteer die skoleiendom en die van 'n mede-leerder (kwaliteit)
- Netheid en trots op ons skoolgebou is van groot belang (kwaliteit)
- Ordelyke beweging in die skool is belangrik (groei)
- Ek moet altyd onthou waarom ek in die skool is: Om te leer en deur skoolaktiwiteite my nou alreeds voor te berei vir die lewe wat voorlê (groei)